

Boekresensies

Suid-Afrikaanse geskiedenis

Twee perspektiewe op Afrikaans-Nederlandse verhoudinge

KAREL SCHOEMAN

Merksteen: 'n dubbelbiografie.

Human & Rousseau, Kaapstad, 1998.

448 bladsye.

Prys: R89,95

en

H.O. TERBLANCHE

Nederland en die Afrikaner: gesprek oor apartheid. Die paginaruil tussen Trouw en Die Burger, 1963-1964.

Universiteit van Port Elizabeth, Navorsingspublikasie C30, 1998.

238 bladsye.

Prys: R46,50

Van die helfte van die sewentiende eeu tot die begin van die negentiende eeu was 'n groot gedeelte van Suid-Afrika onder Nederlandse beheer. Gedurende hierdie periode van ongeveer 150 jaar is die Nederlandse taal en kultuur in Suid-Afrika gevestig. Dit het meegebring dat daar tussen Nederland en Suid-Afrika, en in besonder tussen Nederlanders en Afrikaners, in die twee eeue wat verloop het ná beëindiging van Nederlandse kol

oniale gesag, 'n spesiale verhouding bly bestaan het. Met geen ander Europese land, behalwe Groot-Brittanje, het Suid-Afrika sulke noue historiese en kulturele bande nie.

Oor die verhouding tussen Suid-Afrika en Nederland in die negentiende en twintigste eeue het daar, veral in die afgelope twee dekades, 'n aantal belangrike wetenskaplike publikasies verskyn. Die meeste daarvan is van die hand van Nederlandse historici, onder meer G.J. Schutte, M. Kuitenbrouwer, C.A.J. van Koppen, B.H.J. de Graaff en M.P. Bossenbroek. Hulle handel veral oor die laat negentiende-eeuse periode, hoewel Schutte en De Graaff ook aan twintigste-eeuse verhoudinge aandag gee. In Suid-Afrika het veral J. Ploeger, C. de Jong en R.C. de Jong navorsing oor aspekte van hierdie tema gedoen. In 1998 het twee belangrike nuwe wetenskaplike studies in Afrikaans oor Nederlands-Suid-Afrikaanse verhoudinge verskyn. Een van hierdie boeke is geskryf deur Karel Schoeman, bekende romanskrywer en kultuurhistorikus, en die ander een deur H.O. Terblanche, historikus verbonde aan die Universiteit van Port Elizabeth.

Albei werke belig die komplekse en wisselende aard van die verhouding tussen die Nederlanders en die Afrikaners gedurende die negentiende en twintigste eeue, wat

deur Schutte as 'n verhouding van "adhesie en aversie", dus byna 'n haat-liefdeverhouding, getipeer is.

Schoeman noem sy werk 'n dubbelbiografie omdat dit handel oor sy twee grootouers van moederskant, H.H. (Henk) van Rooijen (1868-1952) en H.E. (Bets) van Rooijen, gebore Oliemans (1867-1952). Hulle was Nederlanders wat in 1897 na Transvaal geëmigreer het en later in Bloemfontein gaan woon het, waar Van Rooijen 'n belangrike rol in sowel die Afrikaanse en die Nederlandse gemeenskappe van die stad gespeel het. Hy was die eerste besturende direkteur van die bekende begrafnisonderneming AVBOB (die afkorting staan vir Afrikaanse Verbond Begrafnis Onderneming Beperk) en ook etlike jare lank Nederlandse konsul in Bloemfontein. Soos in Schoeman se biografiese werke oor Olive Schreiner, Machteld Smit en ander figure, word hulle lewens teen 'n baie breë agtergrond beskryf en word dit 'n werk wat die sosiale en kulturele geskiedenis van 'n besondere tyd en gebied weergee. Schoeman se kennis oor die lewe van sy grootouers berus hoofsaaklik op dit wat hulle hom self as kind meegedeel het en wat hy jare later nog onthou, en verder op dokumente wat hulle nagelaat het. Hy het nie veel verdere navorsing gedoen nie en sou in elk geval seker nie veel meer inligting oor hulle vroeë lewe in Nederland en in Transvaal kon bekom nie. Oor die Bloemfonteinse jare was daar meer gegewens beskikbaar. Tog bly die beeld van die twee persone wat uit die werk na vore kom maar taamlik vaag en daarby is dit moeilik om al die gegewens wat oor algemene sosiale en kulturele omstandighede en ontwikkelinge verskaf word, te onderskei van die inligting wat spesifiek oor hulle handel. Schoeman merk self op dat "die oorspronklike bedoeling ... in 'n massa van historiese en sosio-kulturele gegewens ondergedompel geraak" het (p. 267). 'n Mens sou dus kon sê dat die werk as biografie nie baie geslaagd is nie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat Schoeman sy grootouers se lewens beskryf om te dien as merksteen, om te herinner aan die belangrike bydrae wat Nederlandse immigrante tot die ontwikkeling van die land gemaak het (p. 12). As 'n werk wat handel oor Nederlandse immigrante in Suid-Afrika vanaf die vroeë negentiende eeu tot die Tweede Wêreldoorlog is dit beslis 'n belangrike bydrae tot die geskiedskrywing.

Meer as 'n derde van die boek handel oor Nederland in die tweede helfte van die negentiende eeu en in besonder oor die plekke waar Schoeman se voorouers gewoon het, onder meer Utrecht, Amsterdam en Rotterdam. Sy gegewens kom hoofsaaklik uit historiese en literêre werke en bevat dus nie veel wat nie in ander bestaande werke oor die Nederlandse geskiedenis gelees kan word nie. Hierdie gedeelte is egter veral bedoel vir die Afrikaanse leser wat min kennis oor die Nederlandse samelewing in die negentiende eeu het (p. 12). Schoeman skryf onderhoudend en verskaf interessante aanhalings uit ou Nederlandse werke, waardeur hierdie bladsye, soos die res van die boek, 'n aangename leeservaring is. Hy maak 'n betreklik willekeurige seleksie uit die beskikbare materiaal om 'n bepaalde beeld van die Nederlandse samelewing te bied. In die besef dat sy werkswyse in hierdie opsig baie ooreenkom met dié wat hy in sy historiese romans volg, vra hy homself af: "Wie weet"? Is dit 'n biografie wat ek skryf of 'n roman, en waar ongeveer loop die onmerkbaar skeidslyn?" (p. 91). Daar is egter in hierdie boek geen sprake van

fiktiewe karakters of gebeure soos in 'n roman nie en, hoewel 'n roman soms 'n ewe groot of self groter bydrae tot ons kennis van die geskiedenis kan lewer as 'n wetenskaplike geskiedeniswerk, is daar, ook vir die meeste hedendaagse historici, 'n duidelike skeidslyn tussen romankuns en wetenskaplike geskiedskrywing. Dit is beslis Schoeman die geskiedskrywer wat hier aan die woord is en die boek moet myns insiens daarom in die eerste plek as 'n geskiedwerk beoordeel word.

Die hoofstuk oor Nederlandse immigrante in Suid-Afrika in die periode 1806-1870 beslaan meer as veertig bladsye, wat onnodig lank is as die oorspronklike oogmerke van die skrywer in gedagte gehou word, maar aangesien daar nog baie min oor hierdie vroeë immigrante geskryf is, is dit 'n belangrike toevoeging tot ons kennis van die besondere onderwerp. Soos in die res van die boek maak Schoeman hoofsaaklik van gepubliseerde bronne gebruik, maar dit sluit geskrifte in wat tans moeilik bekombaar is. Hier word vir die eerste keer gegewens byeengebring wat 'n redelik duidelike beeld van hierdie immigrante gee. Hulle was, anders as die immigrante van die laat negentiende eeu dikwels "ongeskikte of selfs onaanvaarbare persone" (p. 179) wat Nederland verlaat het omdat hulle nie juis 'n ander keuse gehad het nie en soms ook in Suid-Afrika nie 'n voorbeeldige lewe gelei het nie. Tog was daar onder hulle ook mense soos A. Pannevis, C.P. Hoogenhout, D. van der Hoff en D. Postma, wat belangrike bydraes op kulturele en godsdienstige gebied gelewer het.

Oor Nederlandse immigrante in Transvaal in die laat negentiende eeu is daar meer geskryf as oor die vroeë periode, maar ook hier kom Schoeman met interessante nuwe inligting vorendag. Veral sy beskrywing van die lewensomstandighede van die Nederlandse onderwysers, waarvan sy grootvader een was, is baie insiggewend.

Nie veel meer nie as 'n kwart van die boek bly oor vir die periode 1905-1952, wat die grootste deel van Schoeman se grootouers se lewens beslaan. Hy behandel hierdie periode hoofsaaklik in twee hoofstukke. Die eerste een handel oor die opkoms van die Afrikaner en die Afrikaanse kultuur in Bloemfontein en die tweede een oor "die wêreld van die Nederlanders" in dié stad. Albei hoofstukke bevat belangrike gegewens oor kultuurorganisasies waarby Schoeman se grootouers betrokke was en gee 'n beeld van die sosiale lewe van Afrikaners en Nederlanders in 'n stad wat in daardie jare deur die Engelssprekendes gedomineer is. In hierdie tydperk was die kultuurideale van Afrikaners en Nederlanders grotendeels versoenbaar en was albei groepe betrokke by verenigings soos die Algemeen-Nederlandse Verbond. H.H. van Rooijen het hom so sterk vir Afrikaanse belange beywer dat Afrikanerorganisasies hom verskeie kere as 'n kandidaat vir die stadsraad benoem het, hoewel hy telkens onsuksesvol was. Terselfdertyd het hy ook as onbetaalde konsul van die Nederlandse regering opgetree. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was dit nie meer moontlik om Afrikaanse en Nederlandse belange met mekaar te versoen nie. Van Rooijen het voortgegaan om noue bande te behou met Afrikanernasionaliste wat gehoop het op 'n Duitse oorwinning. Dit het hom van 'n deel van Bloemfontein se Nederlandstaliges vervreem en ook sy

verhoudinge met die Nederlandse ambassadeur vertroebel. Hy moes uiteindelik sy konsulsamp neerlê.

Schoeman se uitbeelding van Van Rooijen as 'n man wat homself volkome met die Afrikanersaak identifiseer, maar terselfdertyd sy trou aan die Nederlandse vorstehuis betuig, kan waarskynlik ook op baie ander Nederlandse immigrante van toepassing gemaak word. Van Rooijen het as 'n jong idealis na Transvaal verhuis waar hy as onderwyser die Nederlandse taal en kultuur wou bevorder. Hy het hom aangepas by die Afrikaanse leefwyse en hom ook beywer vir die aanvaarding en uitbouing van Afrikaans as aparte taal. Terselfdertyd het hy en sy vrou in hul gewoontes en huislike lewe hoofsaaklik Nederlands gebly. Hy het daarom waarskynlik "by alle moontlike agting en waardering wat hy geniet het, vir die Afrikaner in laaste instansie tog maar 'n 'Hollander' gebly" (p. 297). As immigrante was die Van Rooijens deel van twee wêreldes. Schoeman meen dat so 'n lewe groot voordele inhou. Die spanning tussen die twee wêreldes "hoef nie sonder meer onwenslik te wees nie en dit is moontlik om daarmee te lewe; wie nêrens tuishoort nie, kan ten slotte juis daarom orals tuis voel" (p. 355). Schoeman verklaar dat hy self sterk beïnvloed is deur die noue kontak wat hy met sy grootouers gedurende sy kinderjare gehad het en dat hy dankbaar is dat hy "op skisofrene wyse in twee wêreldes tegelyk" grootgeword het en so toegang verkry het tot 'n "wyer Europese kultuur" (p. 355).

Dit word vandag wyd aanvaar dat die oeuvre van Karel Schoeman, wat reeds drie maal met die gesogte Hertzogprys bekroon is, 'n verneme plek in die Afrikaanse letterkunde beklee. 'n Boek wat meer lig werp op Schoeman se eie agtergrond en vorming sal dus veral vir literêre historici van groot belang wees. Tog is die kennis wat ons aangaande Schoeman self, sy kinderjare en sy ouers, in *Merksteen* bekom, maar baie min. Daarom meen ek dat die waarde van die boek in die eerste plek daarin geleë dat dit nuwe inligting oor en ook 'n nuwe perspektief op die lewe van Nederlandse immigrante in Suid-Afrika en hulle verhouding met die Afrikaners oor 'n tydperk van sowat anderhalfeeu bied.

Terwyl Schoeman nuwe lig op Afrikaans-Nederlandse verhoudinge in die tydperk voor die Tweede Wêreldoorlog werp, bied Terblanche se werk nuwe kennis en insig ten opsigte van na-oorlogse verhoudinge en in besonder die verhoudinge van die sestigerjare. In 1963-1964 is daar 'n gesprek tussen Nederlanders en Afrikaners oor apartheid gevoer in twee koerante, die Nederlandse *Trouw* en die Afrikaanse *Die Burger*. Eintlik is daar net by twee geleenthede, in Desember 1963 en byna 'n jaar later, in November 1964, bladsye tussen die koerante uitgeruil. By die tweede bladsyeruil is in sekere opsigte geantwoord op vrae wat tydens die eerste bladsyeruil gestel is, maar van 'n werklike dialoog waar vrae, antwoorde, standpunte en teenstandpunte gestel is, was hier nie eintlik sprake nie. Die gesprek het nooit werklik op dreef gekom nie. Waarom nie? In Terblanche se boek, wat die resultaat is van uitgebreide navorsing na al die aspekte van en gebeure rondom die bladsyeruil, kom 'n duidelike antwoord op hierdie vraag na vore.

Terblanche volg 'n verhalende eerder as 'n analitiese benadering, maar uit sy verhaal blyk telkens hoe groot die verskille tussen die Afrikaners en Nederlanders van die

sestigerjare was, sodat hulle by mekaar verby gepraat het en nie goed met mekaar kon kommunikeer nie. Die twee koerante kan nie in alle opsigte as verteenwoordigend van die beskouinge van die Afrikaners en die Nederlanders aanvaar word nie. *Die Burger* het, soos al die Afrikaanse koerante, die Nasionale Party en die apartheidsbeleid gesteun, hoewel die blad onder die redakteurskap van P.J. Cillié tog 'n meer kritiese houding as *Die Transvaler* ingeneem het. Dit blyk reeds daaruit dat *Trouw* aanvanklik *Die Transvaler* genader het met die gedagte van 'n bladsyruil, maar dat dié koerant dit van die hand gewys het. Terblanche meen dat die redakteur van *Die Transvaler*, G.D. Scholtz, die destydse eerste minister, H.F. Verwoerd, geraadpleeg het en dat Verwoerd eintlik daaragter gesit het dat die uitnodiging van die hand gewys is. *Trouw* kan ook geensins as verteenwoordigend van die Nederlanders se beskouing oor politieke sake beskou word nie. Die blad het die Anti-Revolutionaire Partij gesteun, wat veral die sterk Calvinisties gesinde Nederlanders verteenwoordig het. Hoewel dit dikwels juis mense uit hierdie groep Nederlanders was wat, weens die sterk godsdiensverwantskap, in die Afrikaners belang gestel het, was dit ook hulle wat met hul sterk prinsipiële ingesteldheid ernstige beginselbesware teen apartheid gehad het. Terblanche toon aan dat *Trouw*, en die meeste ander Nederlandse blaaië in die vyftigerjare, nog heelwat begrip vir die apartheidsbeleid getoon het, maar dat J.A.H.J.S. Bruins Slot, redakteur van *Trouw*, vanaf die sestigerjare 'n baie sterk teenstander van alle vorme van rassediskriminasie geword het en onder meer ook Amerika se optrede in Viëtnam veroordeel het. Hierdie meer "linkse" politieke uitkyk het ook by baie ander leidende figure in die Anti-Revolutionaire Partij voorgekom, hoewel baie lesers van *Trouw* nog positief teenoor die Afrikaners bly staan en die apartheidsbeleid verdedig het (soos aangetoon deur Terblanche, pp. 82, 165). Tog het die sterk morele standpunt wat *Trouw* ingeneem het die politieke denke verteenwoordig wat al sterker in Nederland begin posvat het en uiteindelik uitgeloop het op die totaal afwysende houding teenoor Suid-Afrika wat in die sewentigerjare algemene regeringsbeleid in Nederland geword het.

Hoewel Terblanche hoofsaaklik 'n feitelike weergawe van die gebeure rondom die bladsyruil bied, bring hy die invloed wat die Tweede Wêreldoorlog en die Indonesiese kwessie op die Nederlanders se politieke beskouinge gehad het goed na vore. Hy verduidelik nie dat die Afrikaners se politieke siening in hierdie periode sterk deur Afrikanernasionalisme gekleur is en al meer uit pas geraak het met heersende beskouinge in Europa en Amerika nie, moontlik omdat hy veronderstel dat dit algemeen bekend is. Terblanche se werk bied tog 'n goeie insig in die dekade waarin die geestelike kloof tussen Afrikaners en Nederlanders baie groter geword het. Daar was vanaf die negentiende eeu reeds groot verskille tussen die leefwyse en algemene beskouinge van die Nederlanders en dié van die Afrikaners, soos in Schoeman se werk goed na vore kom. Hierdie verskille is in 'n groot mate daardeur meegebring dat die Afrikaners vir meer as twee eeue baie geïsoleerd van hul Europese herkomslande ontwikkel het. Ten spyte van die verskille was daar tog heelwat kulturele kontak en 'n groot mate van wedersydse begrip tussen Nederlanders en Afrikaners. Ekonomiese, maatskaplike en kulturele ontwikkeling

asook groter kommunikasiemoontlikhede het daartoe gelei dat die Afrikaners van die sestigerjare se leefwyse en beskouinge in groot mate begin ooreenkom het met dié van die mense van Wes-Europa en Noord-Amerika. Die politieke beleid wat deur hulle gevoer is, het egter al meer tot 'n nuwe isolasie gelei. Uit Terblanche se boek blyk dat die bladsyruil tussen *Die Burger* en *Trouw* 'n opregte poging was om die groter wordende politieke maar ook geestelike isolasie van die Afrikaner teen te werk, maar dat hierdie poging tot mislukking gedoem was omdat die kloof reeds te groot was.

Terblanche se kronologiese oorsig van die gebeure rondom die bladsyruil is in vyf hoofstukke verdeel. Hy gee die standpunte van die verskillende redaksies, asook van lesers wat na aanleiding van die bladsyruil geskryf het en van ander tydskrifte en instansies wat kommentaar gelewer het, redelik volledig weer en maak baie van aanhalings gebruik. Tog bied hy 'n baie leesbare en duidelike oorsig wat lesers 'n goeie insig bied in die politieke denke van Afrikaners en Nederlanders gedurende die sestigerjare.

Terblanche se boek bevat 'n naskrif waarin hy aandui dat die politieke en kulturele verhoudinge tussen Nederlanders en Afrikaners in die negentigerjare weer begin verbeter het. Ook is daar enkele bladsye in die boek opgeneem waarin die skryfster Riana Scheepers vertel dat die vertaling van haar werke in Nederlands van haar 'n verrykte mens gemaak het wat nie net in Suid-Afrika nie maar ook in die Lae Lande tuis is. Die geestelike kloof tussen Nederlanders en Afrikaners het weer kleiner geword. Daarmee het die verskille nie verdwyn nie, maar is 'n begin gemaak met nuwe kulturele kontak wat moontlik vir Afrikaners én Nederlanders belangrike positiewe gevolge sal hê.

Pieter de Klerk

Vakgroep Geskiedenis, Skool vir Basiese Wetenskappe

Potchefstroomse Universiteit vir CHO

Vaaldriehoekampus